Bloemnuus 14 Dec 2012

Gras nie groener

DIE oud-Bloemfonteiner Annegret Scott (née Geldenhuys) woon nou in Hertford, Engeland. Theonie Kok *het haar uitgevra oor haar en haar gesin se lewe oorsee.*

Ons mense in die vreemde

MIKE, Annegret, Cornelia en Liam Scott by die atletiek tydens die Olimpiese Spele in Londen vanjaar.

Hoe het julle in Engeland beland?

My man is Brits. Hy wou terugkom huis toe, so ons het in 2005 verhuis.

Het jy maklik werk gekry? Wat doen jy?

Dit was moeilik om die regte personeelwerwers te ontmoet. Aanvanklik het ek kontrakwerk gedoen. Ek is 'n kleinhandelontwikkelingspesialis. Kortliks spesialiseer ek daarin om winkels te optimaliseer deur koste te verminder, maar ook omset te verhoog.

Het jy maklik aangepas?

As ek ooit aangepas het! Hoe ouer 'n mens is en hoe meer jy wortel skiet, hoe moeiliker is dit om te verhuis. Die eerste jaar was vir my regtig sleg, maar toe kry ek 'n lekker werk, maak goeie vriende en toe raak dinge beter. Kinders vestig jou ook. Al twee myne is hier gebore en van die gebruike rondom kinders in Suid-Afrika is nou vir my vreemd. Ek voel egter minstens een keer 'n week of ek van 'n ander planeet kom as die mense om my.

Is die weer regtig so sleg?

Ja! Ek sal nooit dink 'n koue Kersfees is normaal nie. Die nat weer is sleg, maar die ergste is die kort winterdae wanneer dit al voor 16:00 donker is.

Kom julle Kersfees kuier?

Ja – ons is op pad vir 'n behoorlike Kersfees vol see, son, sand en kaalvoet loop. Of soos my dogtertjie sê kaalstertvoete.

Wat mis jy die meeste van Suid-Afrika?

Die mense. Die vriendelikheid en die oor-en-weer-gekuier sonder dat jy maande vooruit 'n afspraak moet maak. Geselsies aanknoop in 'n winkel. Dis so lekker in Bloemfontein, want maak nie saak in watter winkel ons is nie, daar is altyd iemand wat ek verlangs ken. Ek dink nie dit sal hier gebeur nie, en al ken ek die persoon, stop mense nie sommer om te gesels nie.

Sal jy ooit terugkom?

As die regte geleentheid vir ons al vier hom voordoen.

Wat maak Engeland anders as Suid-Afrika?

Die mense. Hulle is net anders en kom uit 'n ander verwysingsraamwerk. In Suid-Afrika is ons meer kompeterend en ek mis dit. Ek wil hê my kinders moet strewe om die beste te wees in alles wat hulle aanpak. Hier moet 'n mens *nice* wees oor almal – jy kan nie sê die een is goed en daardie een swak nie. Wat ek hou van Engeland is die BBC en die National Health Service (NHS). Die NHS sien om na almal maak nie saak hoe ryk of arm jy is nie. Ja, almal kla oor waglyste en so meer, maar as daar 'n noodgeval is, is jy in goeie hande.

Hoe maak jy jou kultuur deel van jul lewe?

Ek praat Afrikaans met my kinders. Hulle praat nie noodwendig terug nie, maar verstaan my 100%. My man verstaan genoeg dat jy nie van hom kan skinder nie. Almal om my weet dit – dis die taal wat ek praat en hulle weet dis vir my belangrik dat my kinders dit verstaan. Ek lees elke aand vir die kinders Bybel en bid in Afrikaans. Ons laat biltong en droëwors aflewer van 'n slagter wat so 30 jaar gelede hierheen verhuis het. Ek bak beskuit en melktert en leer almal om dit te eet. Ons braai, maar nie soos party in die middel van die winter en as dit sous nie.

Watter ondersteuning is daar vir jong, werkende ma's met kinders?

Kraamverlof is ongelooflik. Jy kan tot 'n jaar afvat en terugkeer werk toe en word nege maande daarvan 'n paar pond betaal en ten volle vir minstens die eerste ses. Jou verlof hoop op, so jy kan vier weke betaald aan die einde neem as jy wil. Jy kry ook 'n hele paar dae per jaar ouerverlof vir noodgevalle totdat jou kinders 18 jaar oud is.

Watter raad het jy vir ander wat wil emigreer?

Wees seker waarom jy wil emigreer. Elke land het positiewe en negatiewe punte. Maak seker jy is tevrede met die negatiewe aspekte van die land waarheen jy wil verhuis.

Die gras is nie groener aan die ander kant nie, dis net 'n ander soort gras.